

# KOERSVAS

Uitgawe 20 Jaargang 1 26 Julie 2013

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrokkies

Kennisgewings



## REDAKSIONEEL

### Geloofsbond vergadering

Die eerste vergadering van die Geloofsbond begin DV Sondag 28 Julie te Tuine met die erediens wat dien as opening. Die vergadering sal Maandag 29 Julie met sy werksaamhede begin. Die 13 Selfstandige gemeentes sal almal met amptelike afvaardiging teenwoordig wees. Aan die een kant is hierdie 'n nuwe begin en kan die indruk bestaan dat dit moeilik gaan wees om van voor af te begin. Dit is veral in 'n gemeenskap, waar getalle van groot belang blyk te wees, moontlik dat die uitdagings onoorkomelik kan lyk.

Aan die ander kant is die Selfstandige kerke eintlik nie met iets nuuts besig nie. Die Geloofsbond se vergadering se doel is om onderlinge samewerking te bevorder en sake van gemeenskaplike belang te bepaal en te bestuur. Die Selfstandige kerke sien hulself as deel van die Kerk van alle eeue en kan derhalwe op 20 eeue van tradisie steun in die besluite wat geneem gaan word. Die Agenda vir die vergadering bevat dan ook beskrywingspunte wat hierdie verbintenis met die Kerk duidelik onder woorde wil bring. Dordt, NGB, en die Heidelbergse Kategismus sal onverdund gehandhaaf

word saam met die drie ekumeniese geloofsbelydenisse- te wete die Niceense belydenis, die belydenis van Athanasius en die Apostoliese geloofsbelydenis. Die *Quia* standpunt (*die belydenisskrifte is in ooreenstemming met die Bybel*) sal gehandhaaf word ten opsigte van die ondertekekening van die Proponents formulier.

Die Selfstandige kerke sien hulself verdermeer as 'n voortsetting van die Voortrekkerkerk oftewel die NHKA. Die NHKA se AKV het skynbaar hierdie emosionele verbintenis met die Voortrekkers die rug gekeer. Selfstandige kerke se verbintenis is byvoorbeeld duidelik uit die name wat hulle voorhou ter self-identifikasie. Die woord "Hervormd" is by baie van die gemeentes gehandhaaf. Uit die Agenda vir die Geloofsbond se eerste vergadering blyk hierdie verbintenis ook uit die beskrywingspunte. So byvoorbeeld word die voorstel gemaak dat die basiese van die Geloofsbond se Kerkorde, die beginsels van die NHKA se (voor die 69e AKV) Kerkorde moet handhaaf.

Die liturgie wat in die eredienste gevolg en gehandhaaf word, is ook 'n aanduiding van die verbintenis tot die tradisie waaruit

die Selfstandige kerke kom. Indien die vergadering dit goedkeur, sal die versoeningsgesprek met die NHKA voortgaan. Beginsels is van groot belang. Dit is daarom goed dat die Staat van Belydenis voorgestel word as die basisdokument vir die gesprek.

Teologiese opleiding sal 'n belangrike debat ontketen. Die behoud van ons tradisie sal deels afhang van die besluite wat geneem word rondom die opleiding van toekomstige predikante.

Die Geloofsbond is nie slawe van die tradisie nie. Dit is duidelik uit die keuse om elke gemeente as selfstandige kerk te verstaan, 'n beskouing wat nader is aan die Gereformeerde verstaan van kerkwees. Lidmate sien met afwagting uit na die vergadering van die Geloofsbond.

### **NUUSBROKKIES**

- Die steedsHervormer predikante in die Noorde bly steeds in die KommAKV visier en word telkens opgeroep vir gesprek.

- Die lukraak toepas van die Kerkorde het in Vryburg daartoe gelei dat sommige Ouderlinge eensydig 'n gemeentevergadering wou kanselleer. Nadat die vergadering, soos per besluit en afkondigings gehou is, wil hulle nou die konsulent van wangedrag aankla!

### **KENNISGEWINGS**

- Gemeente **Stella** hou op 2 Augustus 'n Boeredans met 'n tweeman orkes – Piet Safari en Giel Kalahari, op die plaas van Jan du Toit, buite Stella. Kaartjies kos R80-00 per persoon wat 'n steakete insluit en R30-00 vir kinders wat 'n boereworsbroodjie insluit. Die dans begin om 18:30 en pryse sal gewen word tydens die dans.

Daar sal ook 'n veiling wees van 'n kunswerk deur Driekie Erasmus

- **Premiermyn Hervormde Kerk** hou DV Basaar, 3 Augustus op die kerkgronde. Ons hou 'n **steeds**Basaar met steeds lekker kos en kuier teen **steeds** goeie pryse.

- **PHD: Premiermyn se Dorkas** nooi alle Damesverenigings om 'n tafel of twee te bespreek vir Dowwe Dolla Saterdag, 31 Augustus 2013. 10 dames per tafel @ R120 per persoon. Daar sal 'n skildery van Norbert Schling gewen kan word. Navrae by Alta: **0826821252**

Stuur u kennisgewings en nuusbrokkies na

[j.otto@telkomsa.net](mailto:j.otto@telkomsa.net)

of na

[admin@steedshervormers.co.za](mailto:admin@steedshervormers.co.za)

vir opname in die volgende Koersvas.